

4.

AFDELING A

AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

## HOOFSTUK I

## INLEIDING

1. Die opname van akademiese aangeleenthede is deur die Sentrale Opnamekomitee onderneem.
2. Na grondige ontleding van sy opdrag en studie van die prosedures wat met dergelike opnames aan ander universiteite gevolg is, het die Komitee 'n leidraad saamgestel wat aan alle dosente gestuur is<sup>1)</sup>. Departementshoofde is versoek om, in oorleg met alle lede van hulle departement, verslae volgens die leidraad saam te stel en in te dien.
3. Altesame 45 verslae is van departementshoofde en dekane<sup>2)</sup> ontvang. Die verslae is antwoord-vir-antwoord ontleed en saamgevat, nadat onduidelikhede daarin by wyse van persoonlike onderhoude opgeklar is.
4. Ten einde 'n aanduiding te verkry van hoedanig die student die akademiese aspek belewe, het die Opnamebeampte onderhoude gevoer met 51 mans- en damestudente wat sover moontlik verteenwoordigend is van verskillende departemente en kursusse. Die studentegetuigenis is by die vertolking van die gegewens in ag geneem.
5. Met die oog op prinsipiële fundering, voorkoming van herhaling en ekonomie van aanbidding word die uitkomst van die opname onder die volgende hoofde aangebied :
  - 5.1 Die wese en doel van die universiteit en van die P.U. vir C.H.O. as 'n bepaalde universiteit.
  - 5.2 Die mens in die universitêre situasie.
    - 5.2.1 Die student.
    - 5.2.2 Die dosent.
  - 5.3 Die inhoud van die universitêre studie.
  - 5.4 Didaktiek.
    - 5.4.1 Metode.
    - 5.4.2 Tug.
    - 5.4.3 Meting.
  - 5.5 Organisasie.

- 
1. Bylae I.
  2. Die Fakulteite Opvoedkunde en Teologie het weens hulle besondere aard fakulteitsverslae ingedien.